

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 191

(November 1984)

God is groot in Barmhartigheid

* * * * *

"My broers, as een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring, weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red . . ."

(Jak. 5:19, 20)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Verlore penning - geldstukkie

Geld is skaars en baie min werd.

Dit gryp ons elkeen aan want geld raak ons elkeen. Só was dit ook gesteld in die tyd van die Here Jesus se omwandeling op aarde. Ons mag miskien nie aan geld verslaaf wees nie, maar vir elke mens is dit 'n noodsaaklike middel.

Omdat geld ook 'n plek het hier op aarde in die koninkryk van God, alhoewel ons dit nie mag verafgod of aanbid nie -vertel die Here Jesus die besondere gelykenis in Lukas 15:8 -10.

'n Skaap wat afdwaal *van* sy kudde kan nog blêr. En die verlore seun wat uit die normale huishouding uit weggebeur het en daar in die vreemde agter die varke sy dwaling besef het, kon met diepe berou opstaan en teruggaan na sy vader en sy skuld bely. Hy kon self besef.

Hy kon opstaan en teruggaan.

Hy kon vir sy vader sê dat hy liewers een van sy vader se knegte wil wees as om weer afvallig te word: Ek het gesondig teen die Hemel en voor U.

Maar 'n muntstuk wat val, maak net 'n klikgeluid, rol weg en bly doodstil lê.

Hy kan nie vir jou sê waar hy lê nie.

Hy is *in* die huis en *tog* het die geldstukkie *in* die huis weggeraak. En terwyl die geldstukkie weg is, *is dit steeds in die huis weg*. Maar die een wat die geldstukkie verloor het soos die vrou in die gelykenis — *moet self alle inisiatief neem om dit te soek*.

Die muntstukkie is passief.

Dit weet nie eers dat dit weg is nie.

Dit is koud en dink aan niks.

Niks kan hom verontrus nie.

Niks kan hom pla nie.

Hy kwel hom nie oor die feit dat die vrou naarstiglik na hom soek nie.

Dit bekommer hom nie dat die vrou hom broodnodig het nie.

Die geldstuk bly net passief en alles gaan by hom verby.

Geliefde Leser, die Here Jesus praat ook met ons deur die gelykenis.

Dit is 'n *waarskuwing*

maar

dit is ook *roeping*.

Dit is 'n waarskuwing dat waar ons deel het en deel is van die huis van God,

'n gereelde kerkganger is, gereeld Gods Woord lees — dat ons nie sal toelaat dat die aarde ons só sal aantrek om uit die koninkryk van God te val nie.

Sommer net so stil-stil te verdwyn nie.

Nie maar net koud en afsydig word nie.

As jy jouself in die geldstukkie raaksien, moenie roerloos en passief wees nie.

- Moenie stil wees nie
- *Praat*
- *Roep*

Soos elke ou muntstukkie waarde het, al is dit ook hoe gering, het elke mens, hoe skynbaar

en eenvoudig en gering ons ookal is 'n gewisse *waarde*.

Maar hierin is ons óók betrokke en het aktiewe kerklidmate 'n dure roeping voor God.

Ons moet al ons kragte en gawes in die werk stel om die verlore mensies op ons pad op te spoor.

Ons mag nie toelaat dat hulle roerloos in die koninkryk van God bly lê nie.

Ons moet hulle optel en terugbring.

Hulle mag te terughoudend wees.

Te skaam of te sku.

Maar maak dit vir hulle maklik.

Vat hulle terug.

Hou kontak met hulle.

Betoon u blydschap as u hulle vind. Maak hulle tuis in die gemeenskap van die gelowiges.

Die hemele en Gods engele stel belang en het vreugde in een sondaar wat hom bekeer. (Luk. 15:10).

Daarom mag ons ook nie onverskillig staan nie, maar soek die verlore huisgenote van die geloof op.

Dit gee vreugde. En voor Gods troon blydschap.

Ds. Andries H. Mulder.

"Die verlore skaap"

(Luk. 15:3-7)

'n Herder opsoek na sy skaap!

Só teken hierdie gelykenis Jesus se liefde vir Sy verlore kind. Die beeld van 'n herder en sy skape kom tog herhaaldelik voor in die Bybel om die verhouding tussen God en Sy volk te illustreer.

Soms is hulle sonder herder, verstrooi en verlore, moeg en uitgeput . . . maar telkens kom die Herder om hulle te versamel en te versorg.

In hierdie gelykenis is die Herder opsoek na Sy afgedwaalde skaap.

In die bergstreke van Galilea is hierdie ondervinding algemeen bekend. Die hoorders van die Here Jesus ken hierdie ervaring:

Om daardie verlore skaap te gaan soek is 'n dure plig. Die 99 in veiligheid word laat staan — die een in gevaar ontvang die hoogste prioriteit.

Kom ons spits ons toe op die twee hoofgedagtes van hierdie gelykenis.

In die eerste plek is daar die goeie herder wat sy afgedwaalde skaap soek.

Die herder stel sy eie lewe in gevaar om die skaap te soek. Klink dit vir jou logies? Nee ... hy het tog nog '99 oor . . . los maar daardie één? Maar só redeneer Christus nie! Hy soek ... al kan dit Sy eie lewe kos.

want onthou . . . 'n verlore skaap is *werklik* verlore. Hy is sonder instink om sy weg terug te vind; hy is sonder toerusting om homself te beskerm; hy is dom want hy loop en blêr - dit trek die roofdiere se aandag. Ons . . . jy én ek . . . alle mense . . . dra die beeld van daardie verlore skaap. En Jesus Christus ... die Herder? Hy *het* Sy lewe gewaag én verloor.

Tweedens ervaar ons in hierdie gelykenis die uitnemende vreugde van die herder as hy sy skaap gevind het. Op sy skouers - hoog bo gevaar - dra hy hom. Hy roep sy vriende en bure . . . daar word *feesgevier*. Blydskap . . . dis die wonder van God se genade in Christus - blydskap oor elke mens wat *glo* in Jesus Christus. Is jy gevind . . . of nog steeds verlore? Ook oor *jou* is God bly . . . bid dus om Sy genade en vind bekering aan die voete van ons Here en Meester - Jesus Christus.

Ds. Nico Ligthelm

Hy my Naaste? of: ek Sy naaste?

Luk. 10:36 "Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?"

Naaste

Elkeen wat sê hy is 'n Christen moet duidelikheid hê oor die kwessie van "naaste". Die hoofsaak van die wet gaan daarvoor dat jy God moet liefhê met jou hele verstand, en al jou krag, en met jou hele hart. Maar daarby kom ook dat jy jou *naaste* moet liefhê soos jouself. Elke Christen moet dus weet: Wie is hierdie *naaste*.

Ryk jongman

'n Sekere ryk jongman het gedink dat hy die wet van God goed nakom. Maar toe Christus vir hom sê dat hy sy naaste moet liefhê, wou hy homself handhaaf. Daarom vra hy toe vir Christus: "En wie is my naaste?" (Luk. 10:29).

Die Samaritaan

Daarop vertel Christus toe vir hom die gelykenis van die *barmhartige samaritaan*:

'n Sekere man verval onder rowers — en hy beland kaal en in 'n bedenklike toestand halfdood in die pad. Vir almal wat langs die pad verbyloop, is dit duidelik: Hierdie slagoffer van die rowers het hulp dringend nodig! Die priester én die Leviet (d.w.s. die gelowige Jood — die Kerkmens) help hom nie! Teen alle verwagtings in help die Samaritaan hom — die half-heiden, die Samaritaan wat deur die Jode verafsku is. Hierdie man verbind sy wonde en sien toe dat hy in 'n herberg versorg word.

Verkeerde vraag

En stel Christus vir die ryk jongman die vraag: "Wie *van* hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" Die antwoord is voor-die-hand-liggend: Die Samaritaan is die naaste. Maar let daarop hoe draai Christus die ryk jongman se vraag om, hoe herstel Christus die verkeerde vraag van die ryk jongman:

- Hy vra vir Christus: Wie is my naaste?
- Christus vra vir hom: Wie is sy naaste?
- * Ons moenie in dieselfde strik trap as die ryk jongman nie: Ons moenie vra wie is my naaste nie. Wie van die mense om my is goed genoeg om my naaste te wees nie? Wie is ryk genoeg, en belangrik genoeg, en vriendelik genoeg om op sterkte daarvan te kwalifiseer om as my naaste deur te gaan nie.

Ons moenie 'n klompie mense gaan uitsoek wat ons as waardig genoeg beskou sodat ons juis hulle sal liefhê nie.

- Nee, Christus draai die vraag van die ryk jongman om. Die vraag moet wees: Van wie is ek die naaste?
- En dan is die antwoord: Jy is die naaste van die een wat op jou pad kom wat in nood is.

En! Alle mense verkeer in die grootste nood denkbaar: Die *nood* van die sonde!

Dus is jy die naaste van alle mense.

Jy is dit verskuldig om aan alle mense — sonder aansiens des persoons — liefde te bewys.

- En dit moet jy doen as Christen, omdat Christus aan jou die grootste liefde denkbaar bewys het toe Hy aan die kruis vir jou sondes gesterf het.

Ds. A. H. Grovè

As Jesus kom - in vuur en vlam?

2 Thess. 1:8.

Die kinders van God kom in die wêreldnag van die geskiedenis te staan waar ons nie meer 'n skildery met pragtige idilliese landskappe met rustige natuurtonele voor ons sien nie, maar ons word ingetrek in die groot plotselinge drama van die oordeelsdag.

Die dag van Jesus se koms, is meteens ook die dag van sy oordeel. Hy kom in sy heerlijkheid, maar Hy kom ook in "vuur en vlam", soos wat dit hier in vers 8 staan.

Die opvallende, byna onbegryplike waarheid wat hier na vore kom, is dat God se kinders getroos word met die feit van die oordeelsdag en die straf oor die ongelowiges.

Die ware Christene is mense wat dikwels baie swaar moet ly ter wille van hulle geloof. In vers 4 praat die Skrif van al hulle "vervolginge en die verdrukkinge" wat hulle moet verduur.

Maar Christus se wederkoms is vir die kerk 'n dag van uitkoms. Vers 7 sê dat hulle dan verligting ontvang in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele. Op die oordeelsdag word die rolle heeltemal omgekeer:

Verdrukte kinders van God *hier*, ontvang verligting van hul laste *daar* . . . Ongelowige lewensgenieters *hier*, ontvang ver-drukking daar . . . Hiermee gaan God se kinders dan die toekoms in. Hulle leef in die sekerheid dat die rolle in hierdie harde lewe met Jesus se koms finaal sal verander.

Hulle leef met die belofte van die heerlike uiteinde. Maar vir hulle wat die Evangelie nie gehoorsaam nie (vers. 8), kom Jesus in vuur en vlam.

Dan word die gordyn van die hel oopgetrek!

Hulle leef in die sekerheid dat die rolle in hierdie harde lewe met Jesus se koms finaal sal verander.

V.E.d.A.

As Jesus kom - dan word die Antichris verdelg!

2 Thess. 2:8

Dat ons die verskriklike tyd van die Antichris tegemoet gaan, moet ons geensins ontmoedig nie. Dit sal alles ontsettend erg wees — vlees en bloed sal dit nie meer kan uithou nie!

Maar ons troos is: Die Antichris se verskyning (sy "openbaring", vers 3), is meteens ook die begin van sy verdwyning!

Die Here sal hom baie gou met die asem van sy mond verdelg. Dit beteken ook letterlik: Heeltemal uitskakel, geheel-en-al buite werking plaas!

Verder sal hy ook vernietig word; hy word magteloos gemaak, skaakmat gesit.

Dit sal die Here by sy wederkoms doen met die asem van sy mond. Hier kan dit ook vertaal word met "die gees van sy mond".

In die Openbaringboek word daar ook gepraat van die swaard wat uit Jesus se mond uitgaan (1:16). Dit sien dan op die Woord van God. Hier word die Evangeliewoord van Jesus se wederkoms wat eeue lank op aarde verkondig is, finaal vervul.

Die Evangelieprediking waarvoor die apostel Paulus hom nooit geskaam het nie (Rom. 7:16) en wat 'n krag van redding is, 'n "dunamis" (Grieks), word nou die grootste "dinamiet" waarmee die Antichris en al sy mag as't ware "opgeblaas" word. Hierdie (die Woord) is God se kernwapen.

So het Paulus alreeds die gemeente van Thessalonika opgeroep en so doen God dit vandag nog:

Julle word opgeroep deur die Evangelie om die heerlijkheid van onse Here Jesus Christus te verkry (2 Thess. 2:14).

En ons moet bid dat die Woord van die Here sy snelle loop mag hê! (2 Thess. 3:1).

Julle moet doen en ook in die toekoms doen wat die Woord julle beveel! (vgl. 2 Thess. 3:4).

V.E. d'Assonville